# FEESUITGAWE

1868—1948

WELLINGTON

H·J·S B·H·S

MIK HOOG AIM HIGH

# JUBILEE ISSUE

1868—1948

# INHOUD


*Van die Redaksie* ... ... 1

*Boodskappe* ... ... 2

*Die Geskiedenis van ons Skool* ... ... 4

*Robert MacCrone* ... ... 15

*Fransie Roux* ... ... 16

*Nuusbrokkies en Herinneringe van Oud-Studente van heinde en ver* ... ... 18

*Die Witrivierramp* ... ... 24

*Elegie* ... ... ... 26

*WISDOM FROM THE PAST*

*To the new comer* ... ... 27

*Bolsjewisme in die Jongenskool* ... 28

*Reminiscenes of Mr. Donaldson* ... 29

*Die Waterlemoenfees* ... ... 30

*Ring out the Old,*
*Ring in the New!* ... ... 31

*The Matric Class 25 years ago* ... 32

*Die Hoër Jongenskool Presteer!* ... 33

*Ons Erekode — Our Code of Honour* ... 34

*Klasleiers (1883—1947)* ... ... 34

*Donateurs* ... ... ... 36



Gedruk deur die Wellingtonse Ekonomiese Pers, Wellington.
Uitgegee deur die Hoër Jongenskool, Wellington.

Hierdie feesuitgawe van ons Jaarblad word met liefde en waardering opgedra aan ons oud-studente en die Bouers van die Verlede.

---

This Jubilee issue of our annual is dedicated with affection and appreciation to our old Boys and to the Builders of the Past.



SKOOLGEBOU EN GRONDE



"THE HOMESTEAD"

# Hoër Jongenskool :: Boys' High School

## *FEESBLAD — JUBILEE ISSUE*

## *1868 – 1948*

## WELLINGTON


Hoofredakteur: Mnr. H. J. Lochner

Hulp-redakteurs: Mnre. G. R Kritzinger en P. van der Hoven


Van die Redaksie.

Suid-Afrika is nog 'n jong land. Ons dink daaraan dat ons volk nog nie 300 jaar lank bestaan nie, naas die ouer volke met hulle duisend of tweeduisend jare. Anders is dit met die mens. Volgens die Skrif het die mens wat tagtig jaar bereik het 'n prestasie behaal. So ook is tagtig jaar in die bestaan van 'n skool 'n mylpaal waar ons kan stilstaan om terug te kyk. En nou dat ons stilstaan om terug te kyk, hoe trots voel ons nie op ons skool nie. Wat 'n roemryke verlede en tradisie! Wat 'n rykdom van herinneringe!

Die mens, asook die inrigting, is per slot van rekening die boumeester van sy eie toekoms. Gedurende die eerste jare van die ontstaan en groei van ons skool, het hier op Wellington en omgewing beroemde manne op kerklike en opvoedkundige gebied gestaan. Ons dink hier veral aan die onvergeetlike Dr. Andrew Murray, die energieke Robert MacCrone en die groot meester van Blouvlei, Mnr. Stucki. Onder die direkte en indirekte beïnvloeding van hierdie manne is die fondamente van ons skool stewig en heg gelê. Dit is aan hierdie boumeesters, onderwysmanne en weldoeners wat ons vandag hulde wil bring. Vir ons van die jonger geslag sal hulle moed, hoë idealisme en opofferende mensediens altyd 'n bron van besieling bly. In hierdie tyd van politieke, ekonomiese en geestelike verwarring, van verwerping van ideële waardes en die oorwinning van die stoflike oor die geestelike, is ons veral dankbaar vir daardie skone geestelike erfenis van godsvrug en sin vir hoë waardes wat hulle aan ons nagelaat het.

Ook wil ons hulde bring aan al ons oud-studente, versprei oor die lengte en breedte van ons land; veral aan daardie manne wat hulle spore verdien het en groot dienste aan ons land bewys het.

Onthou u nog hierdie woorde?

„Daar is maar net een Wellington
Wat uitblink soos die helder son.
Die naam word Oos en Wes genoem
Van Noord tot Suid is dit beroem,
Want in die Jongenskool beoog
Ons almal net een doel. Mik Hoog!"

* * * *

Hier wil ons ook van die geleentheid gebruik maak om al ons oud-studente te bedank wat daartoe bygedra het om hierdie feesuitgawe die lig te laat sien. In die eerste instansie wil ons bedank ons geagte Superintendent-Generaal van Onderwys vir sy boodskap en die belangstelling wat hy nog altyd in ons skool getoon het. Ons is baie trots op hierdie gevierde oud-student en -onderwyser.

* * * *

Ook wil ons bedank Mnr. Nico le Roux, inspekteur van skole, vir die simpatieke bydrae oor die geskiedenis van ons skool. Mnr. le Roux skryf dit was vir hom 'n genot om iets vir sy ou skool te kon doen.

* * * *

Dr. H. J. van Eck, beroemde nyweraar, voorsitter van die Nywerheid-ontwikkelingskorporasie en die Maatskaplike en Ekonomiese Beplanningsraad, het ons met 'n persoonlike boodskap vereer, asook 'n pragtige donasie. Ons waardeer dit. U loopbaan is vir ons almal 'n inspirasie.

* * * *

Ds. Albertyn, baie hartlik dank vir u bydrae. Vir ons is dit verblydend dat ons oud-studente nog sulke frisse herinneringe van hulle oud-onderwysers bly behou.

* * * *

Dr. A. J. R. van Rhyn L.V., bekende politikus, opvoedkundige en joernalis, het ook nie vir ons vergeet nie en 'n bydrae aan ons gestuur oor sy geliefde oud-hoof, Mnr. Fransie Roux. Baie dankie Doktor!

* * * *

Ons oud-studente het nie alleen in ander dele van ons land hulle spore verdien nie, maar daar is verskeie van hulle wat plaaslik ook leiding gee. Hier noem ons graag die naam van Mnr. D. D. Malan, dosent aan die Opleidingskollege, Wellington, van wie ons 'n bydrae oor die geskiedenis van ons skool ontvang het. Mnr. Malan dien tans sy Alma Mater as voorsitter van die skoolkomitee.

* * * *

Aanvanklik was ons bedoeling nie om oor die huidige personeel te skryf nie, maar ons kan nie nalaat om ons geagte Hoof, Mnr. H. H. Roos, te bedank vir die hulp wat hy ons verleen het. Aan hom wil ons net sê dat ons sy raad en vriendelikheid baie hoog waardeer.

* * * *

Dan is daar ons skoolkomitee onder leiding van Mnr. D. D. Malan wat oor die belange van ons skool waak. Ontvang hiermee ons dank vir u opofferende werk.

* * * *

Tenslotte ons hartlike dank aan ons adverteerders. U het 'n goeie saak ondersteun.

——oOo——

# BOODSKAPPE



Dr. W. de Vos Malan, S.G.O.

*(Van ons geagte S.G.O., Dr. W. DE VOS MALAN, het ons die volgende boodskap ontvang. Ons stel dit baie hoog op prys.)*

„Net 'n paar reëls om u alle sukses toe te wens op u grootse planne. Die Seunskool op Wellington lê my na aan die hart omdat ek 'n oud-leerling en 'n oud-onderwyser daarvan is. Die skool het reeds talle van seuns aangespoor om hoog te mik in die lewe en te probeer om iets meer te doen as andere, omdat hulle die voorreg gehad het om onderwys daar te ontvang. Mag u verrigtings in Oktober daartoe bydra om almal van ons met nog groter trot op ons skool te besiel"

——oOo——



BOYS' PUBLIC SCHOOL, WELLINGTON (1878)

*(Van Dr. H. J. VAN ECK het ons die volgende gewaardeerde boodskap ontvang.)*

Posbus 6905,
Johannesburg.

Beste Skoolmaats,

As rou twaalfjarige plaasseun het ek 33 jaar gelede van verafgeleë Grikwaland-Wes na Wellington in die vriendelike Boland gekom. Op ons ou skool het ek in die drie jaar wat ek daar was vriende en maats gemaak wat ek vandag nog net so helder soos destyds voor my oë sien—elkeen van die ou klasmaats—en daar kom by my daardie warme gevoel van kameraadskap op wat die tyd nooit sal verdoof nie. Baie van die ou maats het ek nooit weer gesien nie, maar ons sal maats bly so lang as ek lewe. Mettertyd het die kameradekring uitgebrei met nuwe ontmoetings dwarsdeur die land met manne wat vóór my of na my op ons ou skool was—van manne wat baanbrekende bydraes gelewer het tot ons volkslewe—en altyd was ons ou skool die skakel tot onmiddellike vriendskap.

Hierdie kameraadskap is die waardevolste skat wat ek geërf het van ons ou skool en met die tyd groei dit met samegestelde rente. Aan julle skoolmaats wat vandag nog op skool is, wil ek hierdie gedagte opdra: bewaar julle kameraadskap onder mekaar, kweek dit aan met geheel jul wese en dit sal by julle bly as 'n besieling tot in lengte van dae.

Julle kan trots wees op die ou skool en op die manne wat op sy banke gesit het en ek weet dat elkeen van julle ons skool se naam tot nog groter luister sal verhef. 'n Mens het natuurlik altyd die indruk dat die ou dae baie groot persoonlikhede gelewer het, maar ek kan julle verseker dat elkeen van julle volkome in staat is om die spore van julle voorgangers heeltemal vol te staan.

Die besielende invloed van 'n goeie onderwyser en 'n opregte mens strek van geslag tot geslag in die oneindigheid. Ek wil hier my hulde bring aan ou Fransie wat vir my en vir so baie ander die wonderwêreld van skeikunde ontsluit het en my op my lewensloopbaan gestuur het; maar veral ons liefde en respek vir 'n man onder manne geïnspireer het; aan ou Blikkies wat vir my matesis en ook wetenskaplikmetode geleer het, maar my veral bemoedig het omdat ons altwee van die „wilde weste" gekom het; aan ou Jimmy met sy blitsige ogies en kleurryke woordeskat wat ou droë geskiedenis tot 'n bruisende menslike drama verhef het en vir my soveel Engels geleer het, sonder egter die Skotse aksent, dat hyself nie daaroor skaam hoef te wees nie; aan ou Noel wat my laat besef het dat dit darem nie 'n matriekseun betaam om skelmpies Sexton Blake-speurverhale in 'n Engelse letterkunde-klas te lees nie, en les bes ons huisvader by die Tehuis, oubaas Bobbie, wat saans sy nabyheid altyd aan ons verraai het deur sy sigaarrook. Dit was een van die baie voordele van nie self roker te wees nie! Julle het vandag net sulke uitstaande manne om julle te leer en te lei. Ons roem op ons verlede en kyk met trotse verwagting op ons toekoms.

Met opregte groete,
H. J. VAN ECK.

Tussen die groot dinge wat ons nie kan doen nie, en die klein dingetjies wat ons nie wil doen nie, is die gevaar dat ons niks doen nie.—*Adolphe Monod.*

Moenie lees om teen te spreek of om aan te neem nie, maar lees om te ondersoek en te oorweeg en om 'n edeler, wyser en blymoediger mens te word.—*Macauly.*

# Die Geskiedenis van ons skool.

## Die Hoër Jongenskool, Wellington, tot 1903.

*Deur N. J. LE ROUX.*

Soos ons weet het die inwoners van Wagenmakersvallei en die omliggende plase in 1837 besluit tot die oprigting van 'n eie kerkgebou en 'n komitee met Mnr. Addey, die veldkornet, as voorsitter het geld gekollekteer, grond gekoop, erwe uitgemeet en met die bouwerk begin. In 1839 was die kerkgebou klaar en Sir George Napier is gevra om die nuwe dorpie na homself te laat heet. Die voorreg het hy reeds aan Klipdrift toegesê en om 'n ongemelde rede wou hy ook nie die naam Blencowe, ter ere van Lady Napier se vader, goedkeur nie, maar hy het gemeld dat die inwoners van Wagenmakersvallei hom 'n plesier sou doen „door voor het nieuwe dorp aan te nemen den nooit te vergeten naam van Wellington" en op versoek van die inwoners is Ds. A. F. du Toit, toe pas terug uit Holland, deur die Goewerneur aangestel as eerste herder en leraar van die gemeente. Dit was op 19 Junie 1840. Op 26 Julie is die kerk ingewy en het Ds. du Toit sy intreepreek gelewer. Die dorp self het toe weinig meer dan 'n vyftiental huise gehad aan die bokant waarvan die wingerde en kweperlanings van die plaas Champagne gegrens het. Vandaar dat Burgstraat vandag nog dikwels Kweperstraat genoem word.

RETIEF SE SKOOL:

Hoe dit al sy, in die jaar 1842 het Jan Hendrik Retief, 'n bejaarde boer wat beter dae geken het, 'n private skooltjie met 16 seuns en 4 dogters in die pas-gestigte dorpie begin. Hy het gewoon vlak by die brug in Malherbestraat in die huis wat later verander en bewoon is deur Mnr. Schoevers. In 'n groot buitekamer het hy skoolgehou. Die onderwys was eenvoudig maar streng godsdienstig en Bybelles die vernaamste les. Wat hy hiervoor ontvang het, weet ons nie, maar reeds die volgende jaar is hy aangestel as voorleser in die kerk en was hy toe, net soos die predikant, 'n staatsamptenaar en die goewerneur het sy salaris van £30 p.a. betaal. Die skooltjie was toe 'n kosterskool en onder toesig van die kerkraad.

In 1845 was daar 60 leerlinge en die goewerneur het laat weet dat die dorp voortaan 2/5 van die meester se salaris—dus £12 p.a.,—moes betaal. Die kerkraad het toegestem „zonder, echter, voor de bekwaamheid van den heer Retief als schoolmeester te willen interponeeren".

In 1851 was daar 140 leerlinge ingeskrywe en die kostermeester het £12 van die kerkraad, £18 van die goewerneur en £45/15/– as kompensasie i.p.v. skoolgeld per jaar as salaris ontvang.

In 1853 was daar 90 kinders op skool. Die gemiddelde bywoning was 55 en die S.G.O. Dr. Innes, wat jaarliks self die skool inspekteer het, was oor sulke bywoning ontevrede. In dieselfde jaar is Jan Hendrik Retief oorlede en is hy opgevolg deur sy seun Jan Hendrik, Junior, wat vir ses maande studeer het in die Kaap aan Dr. Changuion se skool „Tot Nut van het Algemeen".

Die nuwe onderwyser was talentvol en knap en onder hom het die skool pragtig gevorder vir 'n paar jaar. Die Regering het toegestem om die huurgeld vir 'n skoolgebou te betaal en so is die huis in Bainstraat, regoor die ou Dorkashuis, vir die doel gehuur. In 1858 was daar 129 leerlinge in die skool en het die onderwyser £85/10/– van die goewerment en £30 van die dorp as salaris ontvang. Van die leerlinge was 2 die kinders van vrygestelde slawe en 6 kleurlinge. Die gemiddelde bywoning was 69.

Maar vanaf hierdie tyd het die skool agteruitgegaan en in 1860 het die nuwe S.G.O. 'n ouersvergadering belê en die ouers ernstig toegespreek oor hul gebrek aan belangstelling en die moedeloosheid van die onderwyser. 'n Skoolkommissie is aangestel bestaande uit Ds. A. F. du Toit, en die here J. Addey, S. Malherbe, D. S. Brink



MNR. J. A. MALHERBE



MNR. HALDANE MURRAY

Eerste twee Matrikulante.

en J. M. Brink Snr., terwyl 'n assistent, J. Pietersen aan die hoofonderwyser toegestaan is.

Die skool se dae was egter getel en die uitstekende distrik-skole wat ontstaan het, bv. die skool in die Bovlei onder J. het, bv. die skool in die Bovlei onder J. Wilson en later onder C. M. Stucki (1852); die skool in die Blaauwvlei onder M. J. Stucki (1861); die skool in Daljosaphat onder J. Roth; en die skool in Groenberg onder D. G. Malan—vader van Ministers C. W. en F. S. Malan,—het verder bygedra om hom die doodsteek te gee. Hiertoe het ook bygedra die stigting van 'n kerkskool op die dorp in 1857 omdat baie ouers ontevrede was met Retief se skool. Van hierdie kerkskool word weldra meer vertel. Maar die derde faktor wat Retief se ondergang bewerk het, was sy aansluiting by die wederdopers deur wie in 1863 „volgens een onmiddellike Goddelike openbaring, de stad Wellington als het middenpunt van het Nieuwe Jeruzalem werd aangewezen." Gebeurtenisse uit hierdie tyd toe, volgens die oorlewering, pogings aangewend is om die N.G. Kerk aan brand te steek, toe spoke in Kerkstraat gesien is en toe 'n sekere Retief bo-op Hexberg op 'n brandstapel geplaas is en verwag is om lewendig na die hemel op te vaar—„doch de ongelukkige moet met wonden bedekt, op aarde blijven"—hierdie gebeurtenisse is interessant en verdien byna 'n hoofstuk op hulself.

Maar om terug te kom. Retief is ontslaan. Pietersen het ook vertrek en J. H. de Smidt is in 1864 as onderwyser en hoof aangestel. M. L. Smith is as koster aangestel. J. H. de Smidt het nie beantwoord nie en die S.G.O. rapporteer „on two occasions, exclusive of my official visit, I called to see the school and found both teachers and scholars wanting." Daar was nou slegs 40 leerlinge en in 1865 het die kerkraad versoek dat die skool moes amalgameer met die kerkskool en het de Smidt bedank en vertrek.

## DIE KERKSKOOL.

Vir hierdie kerkskool het die kerkraad in 1857, op versoek van vooraanstaande ouers, afgestaan die ou kosterswoning net buitekant die ou ruigmuur van die pastorie en n stuk grond langs Malherbestraat, regoor die ou Grevilleas, waarop 'n skoolgeboutjie later opgerig is. Die kosterswoning is in 1875 afgebrand toe die groot brand op Wellington 36 huise verwoes het. Die skoolgeboutjie het in 1922, toe hierdie feite neergeskryf is, nog regoor die Grevilleas gestaan en was dit toe 'n private huis.

Op versoek van Ds. A. F. du Toit het 'n deftige en aantreklike dame, die wed. A. Meere uit Holland gekom en die kerkskool met 20 leerlinge—meestal dogters en klein kindertjies—begin. Sy is 'n jaar of twee later getroud met 'n sekere Bulterman wat 'n klein skooltjie in die gebou van die ou magistraatskantoor gehad het en Bulterman en sy eggenote het sedert die tyd gesamentlik in die kerkskool onderwys gegee en ook seuns ingeneem. Dit het voortgeduur tot 1861 toe Bulterman oorlede en sy eggenote na Holland terug is.

Vir die eerste maal is toe 'n skoolkommissie, soos reeds lank tevore deur die kerkraad voorgestel, gekies en is F. D. Changuion, seun van Dr. Changuion, as onderwyser aangestel. Hy was ongetwyfeld 'n bekwame man. Interessant is dit om te weet dat hy tot baie ernstige godsdienstige insigte gekom het toe hy gaan luister het na 'n diens deur Sarel Cilliers, die ou voortrekker, wat toevallig in Wellington was. In 1865 het Changuion vertrek en het die publieke skool—vroeër Retief se kosterskool—en die kerkskool amalgameer op versoek van die ouers en is die dokument ter bekragtiging deur die kommissies van die twee skole as volg onderteken:

*Commissie van den Gouvernements School:* J. Addey, F. Muntingh, B. P. J. Marchand, J. S. Brink.

*Commissie van den Kerkschool:* A. F. du Toit V.D.M., J. D. van der Spuy, E. G. Malherbe, P. W. le Roux, P. J. Malan, G. G. Rossouw, E. H. Martin.

## DIE VERENIGDE PUBLIEKE SKOOL.

As onderwyser in die Verenigde Publieke Skool is nou aangestel 'n uiters bekwame man, J. G. Maynard, wat beskou moet word as die mees begaafde onderwyser en die sterkste persoonlikheid voor die tyd van MacCrone. Sy eggenote was ewe edel en talentvol, 'n uitstaande pianiste. Sy is aangestel as orreliste in die kerk en het haar eggenoot as onderwyseres gehelp. Maar in 1868 is die seuns en die dogters van die publieke skool op versoek van die ouers geskei—aparte skole vir seuns en dogters was destyds die algemene beleid—en mev. Maynard het 'n meisieskool begin in die ou skool van Bulterman, die ou polisiekantoor. Dit was 'n Tweedeklas-meisieskool met 36 leerlinge; £60 p.a. het die onderwysers ontvang en die volgende vakke is onderwys: die 3 R.'s, Frans, naaldwerk en musiek. Elke leerling het 5/- per maand skoolgeld betaal.

## DIE PUBLIEKE JONGENSSKOOL.

Die bestaande verenigde skool is voortaan genoem die „Publieke Jongensschool" met J. G. Maynard as hoof. Daar was 3 klasse met 42 leerlinge wat 2/- — 5/- per maand as skoolgeld betaal het. Maynard se salaris was £150 per jaar en hy het die gewone skoolvakke van die tyd doseer en ook 'n bietjie Landbou, Teken en Liggaams-opvoeding. Hollands het hy nie geken en nie doseer nie.

Hier dan in 1868 was die geboorte van die Hoër Jongenskool van Wellington, wat bestem was om die beroemste skool van ons land te word.

Maynard het in 1869, na 'n suksesvolle loopbaan, na die diamantdelwerye in Kimberley vertrek en is hy opgevolg deur G. H. Whiting en sy seun, Henry, onder wie die skool agteruitgegaan en die getalle tot 29 gedaal het, waarop J. Lindenberg van Stellenbosch as hoof aangestel is. Hy was in baie opsigte die gelyke van Maynard, 'n uitstaande onderwyser en 'n krag ten goede. Onder hom was daar groot vordering en is eers Pieterson en na hom Rorich, leerlinge van die Blaauwvlei-skool, as assistente aangestel. Mnr. Lindenberg het egter siek geword en moes in 1874 bedank, toe Rorich die leisels oorgeneem het, maar het nie groot sukses gehad nie. Na hom is Castle tydelik aangestel maar hy het ook skielik vertrek en Inspekteur Rowan, wat sedert 1872 as inspekteur die skool besoek, kla dat dinge nie na wens is nie en dat slegs 22 leerlinge in die skool is.

Na heelwat moeite is daarin geslaag om in 1876 die dienste van Mnr. (later Eerw.) S. Weich te verkry en onder hom het die leerlinge weer aangegroei tot 43.

Aangesien die Onderwysregulasies ook sedert 1874 voorsiening gemaak het vir die salaris van assistente is Mnr. D. Gericke in Julie 1876 as assistent aangestel. Hy is in Jan. 1878 opgevolg deur C. D. Bam, 'n baie deeglike en knap assistent wat die skool vir baie jare trou gedien het.

S. Weich het in Oktober 1880 vertrek en P. J. le Roux, destyds student op Stellenbosch, is as tydelike hoof aangestel totdat die nuwe hoofonderwyser sou aankom. Op die tydstip was daar 42 leerlinge in die skool en geen leerling het nog die Matrikulasie of „School Elementary Examination" afgelê nie.

## DIE BEROEMDE VYFTAL.

Indien plekruimte dit toegelaat het, sou 'n mens met vrug hier 'n hoofstuk kon inlas om die groei van Wellington en veral sy opvoedkundige bloei op die tydstip meer volledig te skets. Dit was immers in hierdie tyd dat die skool van Mnr. Stucki in die Blaauwvlei met onbegryplike snelheid gegroei en roem verwerf het. Dit is ook in hierdie tyd dat Andrew Murray, daardie groot, ja, onbeskryflike groot kerkman wat in 1870 hierheen gekom het, sy grootste planne vorm sien aanneem het. Vanaf 1863 was Wellington die terminus van die spoorweg en Bainskloofpas wat in 1853 ge-



TWEEDE MATRIEKKLAS 1884

Agter l. na r.: A. A. Tulleken (Staatsdiens); G. J. Hugo (Moderator N. G. Kerk); A. v.d. H. de Villiers (Staatsdiens).

Voor l. na r.: G. P. Ferguson (Predikant); Mnr. R. MacCrone (Hoof); Ds. G. D. Bam (Assistent); D. A. A. Pauw (Prof. U.S.)

open is, het die enigste deurgang na die Noorde gebied. In 1873 het Mejj. Ferguson en Bliss uit Amerika gekom op aandrang van Ds. Murray en begin met die Hugenoten Seminarium. En in 1881 het aangekom Robert MacCrone. En hier het ons dan in 1881 die beroemde vyftal: Andrew Murray, M. J. Stucki, Mej. Ferguson, Mej. Bliss en Robert MacCrone—'n vyftal persone aan wie Wellington, en die distrik, op opvoedkundig gebied, alles te danke het. So'n vyftal op een dorp is ongeëwenaard in ons land en hul name is vir ewig ingegraveer op die harte van duisende.

Toe S. Weich vertrek, het Ds. Murray alles in werk gestel om die regte man as hoof vir die skool te kry. Gedurende hierdie tyd het daar in Skotland weer, soos reeds dikwels tevore, advertensies in die koerante verskyn vir onderwysers wat na Suid-Afrika wou kom. Hierdie keer is applikasies gevra vir die betrekking van onderwyser op Oudtshoorn. Daar was 60 applikasies waaruit 4 gekies is vir spesiale oorweging en tweede op die lys by die finale verkiesing was Robert MacCrone M.A. Ds. Murray het die applikasies in hande gekry en tot die besluit gekom dat Robert MacCrone die man vir Wellington was. Op 26 September 1880 het hy aan MacCrone in Skotland geskrywe en hom gevra om as hoof van die Jongenskool te kom teen 'n salaris van £250 p.j. en die passaatgeld sou betaal word. Op 9 Nov. 1880 het MacCrone die aanbod aanvaar.

ROBERT MacCRONE.

Robert MacCrone is in Dalrymple, Skotland, gebore in 1852. Sy vader was 'n boer onder die feudale stelsel—dus geen grondbesitter—en aangesien die familie arm was, moes Robert 'n harde skool deurmaak. Die jeug van die jong Robert is 'n interessante en 'n mens se verwagtings styg wanneer jy besef hoe hy sy moeder moes help met opwas, met klere en kouse stop en veral met spin- en weefwerk. Onder baie moeilike omstandighede moes hy sy opvoeding verkry, want sy vader is oorlede toe Robert slegs 14 jaar oud was. Maar dis genoeg om te meld dat die verwagtings wat van hom gekoester is, in alle opsigte vervul is.

Robert MacCrone was 'n wakkere hoof en die ouers en skoolkomitee het gou sy waarde herken en hom ten volle ondersteun. Die komitee op die stadium was Ds. A. Murray, W. A. Joubert, D. J. Malan, E. G. Malherbe, J. S. A. Rins, E. H. Martin en M. L. Smith (sekretaris). Die komitee en die ouers het dadelik begin werk om 'n groter en beter skoolgebou te kry. In Julie 1884 het hul reeds £1014:17:3 vir die doel ingesamel en die nuwe skool—op die plek waar die Stadsaal vandag staan—is nog in dieselfde jaar opgerig. Dit was eers feitlik net die stoepkamer met twee kamers aan elke kant. Die ander kamers is aangebou namate die getalle aangegroei het. En sy groei was verbasend snel, want binne 'n paar jaar was MacCrone se skool oor die hele land bekend en het leerlinge uit alle dele daarheen gekom.

In 1886 was daar 153 leerlinge in die skool en daar was die assistente nl. E. S. Watermeyr, Jacobus Pauw en Mnr. Rigter. Hierdie getalle sluit nie in leerlinge onder Standaard II nie, want die ou skooltjie in Malherbestraat het as voorbereidende skool bly bestaan. In 1892 is Mnr. Philip Immelman aangestel as onderwyser van Hollands en Mej. Cairncross as onderwyseres vir die laer klasse.

Kwekeling onderwysers(esse) is ook van die vroegste tyd reeds opgelei in die skole van M. J. Stucki, Robert MacCrone en Mejj. Ferguson en Bliss, en op aandrang van hierdie hoofde is besluit in 1895 om 'n normaalskool waarby die voorbereidende skooltjie in Malherbestraat sou ingelyf word in die lewe te roep. So het die Opleidingskollege ontstaan in 1896, en is James Harvie, 'n ou skoolmaat van MacCrone, wat destyds om gesondheidsredes in die land was, as hoof daarvan aangestel.

In 1896 was D. A. Dods—later hoof op Beaufort Wes—die „vice-principaal" van die skool en is F. P. Roux aangestel as onderwyser van standaard V. Kort hierna het D. A. Dods vertrek en is F. P. Roux bevorder tot onderhoof. In 1898 was daar

170 leerlinge in die skool en is P. J. le Roux aangestel as assistent.

In 1899 het MacCrone, wie se gesondheid toe ernstig versleg het, voorgestel dat 'n addisionale losieshuis gebou sou word en 'n groot stuk grond vir die doel is gekoop van W. A. Joubert Snr. vir die som van £600. Weens die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog is die gebou egter nie opgerig voor 1904 nie. Dit is die teenwoordige Homestead of Tehuis. 'n Stuk van die grond is omhein as sportveld en die geld daarvoor, £325, is deur W. A. Joubert aan die komitee geleen.

In 1903 was die personeel as volg:

| | | |
|---|---|---|
| R. MacCrone, prin. | £400 | p.a.—Klassieke. |
| F. P. Roux, vice-prin. | £275 | p.a.—Matesis en Skeikunde. |
| P. D. Immelman, ass | £240 | p.a.—St. V en Hollands. |
| G. J. Roux, ass. | £200 | p.a.—Engels en Geskiedenis. |
| P. J. le Roux, ass. | £225 | p.a.—St. VI. |
| W. Finch, ass. | £225 | p.a.—St. V en Houtwerk. |
| D. J. J. Brink, ass. | £180 | p.a.—St. IV. |
| M. Cairncross, ass. | £140 | p.a.—St. II-III. |

In 1905 het Ds. Murray, wat vir 32 jaar voorsitter was van die skoolkomitee, om gesondheidsredes bedank en sy plek is toe geneem deur Ds. J. R. Albertyn wat vanaf 1892 tweede leraar in Wellington was, en ook vir die opvoeding geleef het.

MacCrone se gesondheid het hom genoodsaak om in Junie 1904 vir 18 maande met verlof te gaan en in 1906 het hy bedank na 25-jarige diens. Sy pensioen was £150 p.a. Daar was toe 230 leerlinge in die skool van welke getal 103 bokant St. VI was, en F. P. Roux is in sy plek as hoof aangestel.

Op 13 Julie 1909 is die vrugbare lewe van Robert MacCrone beëindig en het hy die tydelike met die ewige verwissel. Hy het tot die rus ingegaan wat hy homself op aarde nooit gegun het nie. 'n Dankbare nageslag het op sy graf 'n granietsteen opgerig met die woorde: „Vixit ut serviret"—hy het gelewe om te dien. Gepaster woorde kan daar seker nie wees nie. Soos van 'n Pestalozzi kan ook van Robert MacCrone getuig word: „Alles für andere, für sich nichts".

SLOT.

Telkens, by die neerskrywe van hierdie geskiedenis het die versoeking my bekruip om iets meer te vertel van die tyd waarin alles plaasgevind het, van die ontstaan en groei van die ander opvoedkundige inrigtings in en om Wellington en van die persone wie se name in hierdie skets slegs genoem kon word. Dit sou ook interessant gewees het om meer te vertel van die metodes van onderwys, van gebeurtenisse op skool, van die deugde en ondeugde van die leermeesters. Die versoeking moes weerstaan word weens die feit dat hierdie artikel slegs die geskiedenis moes weergee en dit in beperkte ruimte.

Want hierdie skool het nie somaar per toeval groot en beroemd geword nie. Hy is tot die hoogtes verhef deur manne en vroue wat werklik groot was, leermeesters wie se lewens as 'n inspirasie vir ander kan dien. Van die grootste denkers en daders van ons land en volk het hier hul opvoeding ontvang aan die voete van sulke leermeesters.

En van hulle was Robert MacCrone die grootste, onvergelyklik groot in sy tyd. Dit sou paslik wees om op een of ander tyd te skrywe oor Robert MacCrone as mens en as opvoeder—'n waardebepaling van iemand wat geleef het vir sy skool, iemand wie se godsvrug, dissipline, onderwysmetodes, organisasie en mensekennis hom enig van sy soort gemaak het. Ook van sy eggenote, Elizabeth Scott, wat hom in al die jare trou bygestaan het, veral na sy aanval van beroerte en gedeeltelike verlamming.

Sy laaste jare was 'n tyd van gedurige pyn en lyding en menigeen sal hom nog herinner die gevoel van agting, weemoed en wyding, wanneer, hoofde onwillekeurig ontbloot is by die nadering van die maer, gebukte figuur, swaar leunende op sy wandelstok. Robert MacCrone het sy lewe vir sy skool gegee en hy is daar nie meer nie, maar sy werk leef na hom.



Mnr. P. J. le ROUX



Mnr. FLIPPIE IMMELMAN

Twee beminde leermeesters uit ons verlede.

# Die Tydperk van Mnr. F. P. Roux, 1903 - 1928.

*Deur D. D. MALAN.*

Onder Mnr. MacCrone het die Seunskool vinnig gegroei, oor die land bekend geword en leerlinge van heinde en ver gelok. Van 1903 moes die nuwe hoof sorg vir Konsolidering en verdere bestendige ontwikkeling. Dat Fransie, soos hy algemeen met respek genoem is, hiervoor die regte persoon was, ly geen twyfel nie. Self 'n Dux-leerling van die skool (1891), goed gekwalifiseerd en reeds 'n paar jaar onder-hoof, het hy die gees en tradisies van die skool goed geken.

Dat die betrekking as hoof destyds geen gemaklike taak was nie is duidelik as ons in aanmerking neem dat Mnr. Roux al die Matesis en Wetenskap van die hoëre klasse moes doseer, boeke en skoolbehoeftes self moes verkoop en verantwoordelik was vir die invorder van die skoolgelde; hy het selfs die skoolklok gelui. Sy kantoor wat reeds nie groot was nie, moes ook nog dien as biblioteek en personeelkamer. Die skool was goed vol, maar daar was geen kans vir aanbou nie. Dit was nog die dae van die rottang en F.P. moes dikwels seuns van die matriekklas deurloop—kêrels van 18 tot 20 jaar. Destyds was daar heelparty jongkêrels van diep in die 20 jaar wat hul kom voorberei het vir admissie tot die Sending-Instituut.

Die Skoolraad was verantwoordelik vir die geboue en gronde en kon seker meer gedoen het as ons moet oordeel na die inspekteursrapporte. Miskien was die skaarste aan geld die kroniese kwaal van ons onderwys. Die inspekteurs kla gedurig dat die ruimte te beperk is, dat afwit en skilder van geboue nodig is, dat geute lek en dat die tralies om die skool moet herstel word. Daar was geen saal vir samekomste nie, ofskoon skuifdeure tussen twee klaskamers 'n soort van vergaderplek moontlik gemaak het.

Die skoolgronde wat ingekamp was met rooi houttralies, was ver te klein, maar gelukkig was voor die skool twee pleine waarop die jongspan kon baljaar. Onder 'n boom aan die noordekant van die skool het die beroemde kiaathout-watervat gestaan; die enigste watervoorraad vir die hele skool. Hier het die dopery plaasgevind. Eenmaal, toe 'n jong barbaar 'n beskaafde naam moes kry, het hy losgeruk en oor die berugte tralies probeer spring met noodlottige gevolge vir sy broek en die tralies. Die vat het van 1880 tot 1922 gehou toe dit deur iets meer moderns vervang is. Uit die hout het die toenmalige houtwerk-onderwyser, Mnr. G. H. Donaldson, allerlei aandenkings gemaak vir personeelslede en ander wat 'n aandenking uit die ou dae wou hê.

Die onderrig het destyds alles deur Engels geskied, maar Nederlands as taal is ook geleer. In Standerd II was dit lees, spel en resitasie; in Standerd III ook grammatika en Standerd IV moes reeds 'n opstel in Nederlands skrywe. Met Matesis en Latyn is in Standerd VI 'n begin gemaak. Na 1920 is die twee vakke eers in Standerd VII doseer. Houtwerk en Sang was belangrike vakke in die Primêre skool en baie van die oud-studente onthou nog met trots hoe die skool in 1907 'n koorkompetisie gewen het.

In die Hoërskool-afdeling was daar byna geen keuse van vakke nie. Almal moes Engels, Nederlands, Latyn, Matesis, Geskiedenis of Grieks, en Skeikunde neem. Matriek was 'n eenjarige kursus na Std. VIII tot 1912, toe dit 'n tweejarige kursus geword het.

Gedurig word daar nou nuwe vakke ingevoer. In 1912 besoek 'n spesiale inspekteur vir teken die skool. Alle klasse van Std. II tot VII moes 'n vaste leerplan hierin volg. In 1913 verskyn Sweedse dril op die rooster en in 1914 is dit weer Natuurstudie van Std. II tot VI. Ook Boekhou as keusevak vir die Hoërskool word nou ingesluit en in 1922 ook Duits. Afrikaans neem ook nou die plek van Nederlands in.

Die organisasie van die skool moes die

hoof toe baie hoofbrekens besorg het, want daar wan geen plek vir die ekstra personeellede en verdeling van klasse nie. Gedurig word gevra om meer kamers, maar niks word gedoen nie, omdat 'n nuwe gebou later sou opgerig word. Hierdie getalm met die nuwe gebou het die skool baie belemmer in sy groei. Waar die getalle gewoonlik skraps oor die 200 was, het dit in 1920 gestyg tot 250 en in 1924 tot 270, maar nou kon die gebou nie verder rek nie en voor die nuwe skoolgebou in 1927 ingewy is, het die stroom leerlinge reeds in ander rigtings gevloei.

Omtrent die personeellede van hierdie tydperk is daar ook heelwat interessants mee te deel. Die skoolraad was verantwoordelik vir die salarisse en het die na willekeur vasgestel vir elke pos. In die hoërskool was dit sowat £200 per jaar (sonder vaste verhogings) en betaalbaar aan die end van elke kwartaal.

Vir Engels en Latyn was geskikte applikante skaars. Tweemaal het die skool Presbiteriaanse predikante met groot sukses vir die vakke gebruik. 'n Ander Engels-onderwyser het heelwat beroering veroorsaak. Hy kon geen dissipline handhaaf nie en toe dit bekend word dat hy 'n Roomskatoliek was, was die ouers erg ontsteld. Na veel agitasie het hy eindelik padgegee.

In hierdie verband kan 'n staaltjie omtrent Mnr. Roux se dissipline vertel word. Hy het die betrokke onderwyser bygestaan en die lat gebruik waar leerlinge vir wangedrag na hom gestuur is, maar dit was moeilik om die seuns te betrap wat stoornis veroorsaak het en met kryt gegooi het, sodra die onderwyser op die bord begin skrywe. Toe neem hy 'n verkyker en gaan sit in die wetenskapkamer, van waar hy deur die vensters van die Std. 8 klaskamer kon sien. Die belhamels het groot geskrik toe hy skielik die kamer inkom, hul uit die banke pluk en na die kantoor neem vir 'n goeie loesing. Daar het hul eers gehoor hoedat hul betrap is.

Gedurende 1919 ontstaan groot onenigheid met die aanstelling van 'n vise-prinsipaal. Die meerderheid van die Komitee en Skoolraad het een van die personeellede aangestel, maar die minderheid het gemeen dat 'n personeellid wat toe net van oorlogsdiens teruggekeer het, meer aanspraak op die betrekking het. Hulle doen 'n beroep op die Departement en die tweede persoon word aangestel. Hiermee wou die meerderheid geen genoeë neem nie, dus dagvaar een van hulle die Administrateur, Sir Frederick de Waal, vir 'n toetssaak, wat die Administrasie ook verloor het. Intussen het altwee personeellede op ander plekke aanstellings as hoofde gekry en vertrek, terwyl die Departement kennis gegee het dat geen viseprinsipale meer in skole mag aangestel word nie.

Heelwat van ons bekende onderwysmanne het deel van hul ondervinding op Mnr. Roux se personeel opgedoen:

Wyle P. J. le Roux, later inspekteur van skole.

Wyle C. J. Pauw, Hoof, Hoërskool, Riversdal.

C. J. Hofmeyr, Hoofinspekteur van skole.

Dr. Wouter de Vos Malan, S.G.O.

Prof. M. C. Botha S.G.O., Rektor, Univ. Pretoria.

J. C. Ross, Inspekteur van Skole.

A. M. Muller, Hoof, Normaalkollege, Heidelberg, Tvl.

N. J. le Roux, Inspekteur van Skole.

D. B. van Rensburg, Inspekteur van Skole.

P. Biesenbach, Hoof, Instituut vir Blindes, Worcester.

Ander onderwysers wat lank op die personeel gedien het onder Mnr. Roux en wat onthou sal word deur baie van die oud-studente is:

Wyle Oom Daantjie Brink.

Wyle G. H. Donaldson (Dollie).



LIGGAAMSOEFENINGE VOOR DIE OU SKOOL



ONS DORP

Wyle Mej. J. du Toit.

Wyle F. Euvrard( Pikkie).

F. W. van der Merwe (Blikkies).

Dick Joubert wat tans nog die enigste lid van die huidige personeel is, is van die ou garde.

Dat hul van hom veel kon leer, ly geen twyfel nie. Inspekteursrapporte meld gedurig die goeie gees en dissipline van die skool. Hul kon leer om presies, net, sistematies te wees, en om sake deeglik te organiseer.

Op sy leerlinge het Mnr. Roux groot invloed uitgeoefen deur sy godsdiensin, voorbeeldige gedrag, netheid in voorkoms en in alles wat hy moes doen. Sy onderrig van Skeikunde was bepaald uitstaande. Sy verduideliking was glashelder en die skrif en tekeninge op sy klein swartbord so netjies dat dit kon dien vir 'n les in skoonskrif. Alles was presies, kort en saaklik. Hoe dikwels het ons seuns nie probeer om sy netjiese handskrif na te boots nie.

Na 25½ jaar (1½ jaar agerend en 24 jaar as hoof) het hy in Junie 1928 met pensioen afgetree vir 'n welverdiende rus.

—::::::—

## The Boys' High School, Wellington, 1928 - 1948.

*By H. H. ROOS.*

---

On 11th July, 1928, the present principal assumed duties here as headmaster and superintendent in the Homestead after his two predecessors had each been principal of the School for more than twenty years during a period in which the institution made a name for itself. It could therefore very justly be said that the School had a glorious past; that it was a school with a tradition. A new building had been inaugurated and the retiring principal, Mr. Fransie Roux, handed over his work, with a new school building, in his customary neat manner, everything in its place, and leaving an accurate memorandum containing full details of books, files, etc. It was truly a pleasure to take over the school in such a way.

Each school passes through periods of prosperity and adversity. In 1928 the School reached its nadir. The numbers on the roll were low: 89 in the secondary department, and 150 in the primary. In the hostel were 9 boys and 13 Training College students. The School was regraded as a High C School, and there was the danger that a member of the staff would become redundant. There was work to do and plenty of battles to be fought.

The School was fortunate in being able to draw more boarders to the hostel to increase the numbers on the roll so that the staff was not diminished.

A disturbing phenomenon was the fact that several boys elected to include Commercial subjects in their courses while these subjects were not being taught in School. They had to receive instruction privately. As a result of an increase in the numbers, this deficiency could be supplied and a part time teacher was appointed. Provision had then been made for the following subjects in the secondary curriculum:—

1. Afrikaans, (Higher or Lower).
2. English, (Higher or Lower).
3. History.
4. Physical Science and Chemistry, and Biology in VII and VIII, Chemistry in IX and X.
5. Latin or German.
6. Mathematics or Commercial Subjects.

There were two difficulties in connection with this choice: (a) all pupils had to study

three languages; (b) the boy who had no aptitude for Mathematics experienced the same handicap in Commercial Arithmetic. For the time being this difficulty could not be obviated, but with a further increase in the numbers, the part time post could be converted into a full time one and another subject, Agricultural Science, could be included in the curriculum, to take its place opposite Mathematics as a useful alternative. Simultaneously Commercial subjects became an alternative to Latin or German.

Development took place in different directions. Singing was part of the primary school course, but a period was set apart on Wednesday mornings for community singing. An orchestra was started which later accomplished so much that it performed at public functions and over the radio.

Since the Department instituted a syllabus for religious instruction, still more time has been allocated to this subject, also in the secondary department where the work of the Students' Christian Association is being done in both languages during school hours so that all pupils may take part.

When trained physical culture instructors became available, more time was devoted to this important branch of education. Two periods per week per class were allowed.

The Departmental School Feeding Scheme was put into operation, and the School was equipped for the utilization of radio lessons. A donation of £100 was received from Mrs. J. G. Malan in memory of her late husband who had been an old-scholar. A radiogram was acquired.

The principle of education through the mother tongue has been maintained in all classes although the numbers did not justify the separation of English and Afrikaans speaking pupils into different classes. Each pupil receives his handbooks in his mother tongue and bilingual teachers make use of both media in the classrooms. The result justifies the practice and the scheme was determinedly defended when an attempt was made to separate the Afrikaans and English speaking pupils in the primary department. Three or four classes would then have been grouped together in one classroom under the supervision of one teacher. The loss would have been greater than the gain.

The introduction of Agricultural Science immediately created new needs. Another classroom was required, a tool shed, implements, and soil to cultivate. The Department of Education supplied the former in the course of time, but the acquisition of the latter required a struggle of fourteen years. The Provincial Administration would not buy part of the conveniently situated property of Mr. Dick Joubert. The Municipality came to our assistance, but the only ground they had to offer was three miles away along the Berg River. A temporary solution was found in utilising a quarter morgen of the playgrounds and visiting farms in the vicinity. Then a cement dam was built to serve a double purpose: water for irrigation, and a swimming bath for the boys. In this connection the hearty co-operation of the Department of Education, the School Committee, the parents and the Municipality was obtained. The dam with dressing rooms and showers was built at a cost of £500 in 1938. Since then the boys could enjoy swimming as a sport and as part of their physical training course; the boys in the primary classes could lay out a flower garden to beautify the school grounds. But there was still the need of more ground. A deputation from the School Committee made a last attempt. An interview with the Executive Committee of the Provincial Council on 17th May, 1948, was eminently successful. Instead of only 1 morgen the School acquired 4½ morgen, the whole of Mr. Dick Joubert's property.

The School Library has systematically been supplemented. A valuable addition of a few hundred books came as a donation from an old-scholar, Dr. Hans Greeff. Periodicals and magazines have been subscribed to, so that the pupils of today have access to about 2200 books and 28 periodicals.



**Dr. ANDREW MURRAY**

Dr. Andrew Murray was vir meer as 30 jaar voorsitter van die skoolkomitee.



Mnr. D. J. J. BRINK
(Oom Daantjie)



Mnr. F. C. EUVRARD
(Pikkie)

Twee Oud-onderwysers wat nog deur baie oud-leerlinge onthou sal word.

The boys planted about 100 trees on the School premises and vegetable gardens and lawns were laid out at the hostel. As a result of the diligence of Mr. P. J. Pauw who moved in as house-master in 1942, beautiful flower gardens appeared in front of the building. In 1945 the boys planted grass on their football field.

In 1937 the Students' Representative Council came into existence, in order to give the boys a measure of self-government. The first request of the Council was for a Code of Honour for the School. The Council submitted suggestions and the Principal drafted the Code of Honour which appears elsewhere. A copy is displayed in each classroom.

It often happened that on or other School organisation of the boys experienced a deficit. To improve matters, the staff took control in 1930 and determined the subscriptions for each kind of sport and function and also a general subscription which covered membership of any organisation. This solved the problem. At present the boys may participate in: Savings Club, Students' Christian Association, School Social, Orchestra, Fruit Feast, Cadets, Football, Hockey, Tennis, Cricket, Swimming and Athletics. From time to time exceptional achievements have been attained. Recently a new armoury and a miniature shooting range were built for the Cadet Detachment.

The School Fund receives regular attention and is supplemented by the subscriptions of the pupils, the takings at Athletic Meetings, Bazaars, Concerts and the regular donations by the Municipality, D.R. Church Council, the "Helpmekaar" and the "A.C.V.V."; also by donations from parents, old-scholars, and friends. In this connection must be mentioned a bequest of £1872 which the School received out of the estate of a good old friend, the deceased Lt. Col. G. H. le Roux in 1938. In this way the School is enabled to allocate a few hundred pounds annually to bursaries and books for deserving and indigent scholars, the maintenance of the library, school grounds and classrooms, etc.

It appears that the School has ambitious aims and that it strives to offer exceptional facilities for the use and pleasure of its pupils.

The last twenty years have brought alternate prosperity and adversity. Through exertion the low water mark of 1928 was left behind, and already in 1932 the boarders in the hostel numbered 42 and the number on the roll was 282, the highest figures to that date. The School was then graded as a High B School. The succeeding years were characterised by further progress. The School attracted scholars from Cape Town to the Belgian Congo; and from South West Africa to the Transkei so that the School reached a maximum enrolment of 305 in 1937. (172 primary, and 133 secondary.)

As a result of various adverse circumstances the numbers decreased to 210 in 1942 (primary 124, secondary 86) and the School declined to a C grade. However, by 1947 the School again reached the 300 mark with more than 80 boarders in the Homestead. More prosperous days had returned.

A survey of the last twelve years shows unusual achievements in the public examinations. Twice the first position in the Cape Province and a bursary were attained in the Senior Certificate Examinations, twice the first position and a bursary in the Junior Certificate Examinations, and twice the first position and a gold medal in the Higher Taalbond Examinations in addition to a silver medal, money-prizes and book-prizes in the 1947 examinations. The outstanding achievement, however, was that of D. G. Franzsen who pased the Senior Certificate Examination with A grade honours in every subject and an aggregate of above 80%. He has since qualified for the degrees of B.Comm. and D.Econ., both *cum laude* and he is at present Professor of Economy in the University of Stellenbosch.

Several other names deserve honourable mention, but enough. The School and its pupils still gain inspiration from its motto:

AIM HIGH.

The following teachers rendered service during the last twenty years, temporary appointments excluded:

H. H. Roos, B.A., B.Ed., Principal.

D. B. v. Rensburg, B.A., left March 1929.

J. L. Immelman, M.A., left Dec., 1933.

W. A. Joubert.

F. C. Metrowich, B.A., B.Ed., left Dec., 1930.

F. W. van der Merwe, B.A., retired Dec. 1945.

D. J. J. Brink, retired December, 1932.

R. H. Collins, B.A., left March, 1941.

D. F. Marais left April 1929.

N. J. de W. Laubscher, left Dec., 1930.

Miss M. M. Malan, left January, 1931.

A. F. Joubert, B.A., April 1929 to Dec. 1930.

G. F. Zondagh, Jan. 1931 to Dec. 1938.

J. P. Botma, B.A., B.Ed., January 1930 to December 1931.

G. S. Brink, B.A., Jan. 1931 to March 1941.

I. S. Middleton, B.A., Jan. 1931 to Dec. 1931.

Miss D. E. de Witt, March 1931.

P. L. le Roux, Jan. 1931 to Dec. 1935.

H. A. du Toit, M.A. Jan. 1932 to Dec. 1935.

J. S. Florence B.A., Jan. 1932 to Dec. 1947.

A. F. Malan, Jan. 1932 to Dec. 1942.

P. J. Pauw, B.A., April 1934.

S. J. G. Hofmeyr, D.Sc., July 1934 to April 1935.

D. W. Schmolke, M.A., April 1935 to Sept. 1940.

A. J. Myburgh, B.A., Jan. 1936 to Dec. 1939.

Miss C. W. A. Louw, April 1936 to June 1938.

W. P. Smit, Jan. 1937 to Dec. 1937.

J. J. Oberholster, M.A., Jan. 1940 to June 1940.

H. C. Slabber, Jan. 1939 to March 1940.

J. G. Gericke, April 1940 to Dec. 1941.

J. C. Aucamp, January 1939.

H. J. Lochner, M.A., July 1940.

C. R. Booysen, B.Sc., Jan. 1941 to Dec. 1942.

J. P. Venter, July 1941 to June 1948.

A. C. Burger, January 1942.

J. N. Ehlers, B.Sc., January 1943.

Miss A. C. Smit, Jan. 1943 to Sept. 1945.

Miss H. v. Zyl, October 1945.

H. Bester, B.Sc., Januury 1946.

P. v. d. Hoven, January 1947.

D. J. Heyns, April 1947.

G. R. Kritzinger, B.A., January 1948.

Het u geweet dat ons skoollied in 1919 deur Mnr. C. P. Hoogenhout van Bovlei geskryf is; deur ons oud-leerling, Ds. M. L. de Villiers, getoonset is en later deur Mnr. Charlie Hofmeyr, oud-hoofinspekteur van skole, in Engels vertaal is?




MNR. ROBERT MACCRONE M.A.




## Robert MacCrone.

*(Deur Ds. J. R. Albertyn, Pretoria).*

---

Dit is vir my as een van sy oud-studente, 'n eer en voorreg om die een en ander mee te deel uit die lewe van die onvergeetlike *Robert MacCrone* wat in die laaste dekade van die vorige eeu so 'n groot rol in die skoollewe van Wellington gespeel het.

Aan hom is dit te danke dat die Jongenshoërskool van Wellington in die dae een van die bekendste en beroemdste skole in die hele land was. Van heinde en ver—selfs uit die toenmalige Boere-republieke—het leerlinge na sy skool toegestroom, en baie van hulle het in later jare voorposte onder ons volk beklee. En almal van hulle sal seker hulde bring aan die pligsgetrouheid en werkywer waarmee hulle meester hulle deur sy eie lewe en voorbeeld geïnspireer het.

Want hy was 'n skoolmeester wat hoë eise van inspanning en studie aan sy leerlinge gestel het, en wat self harder as enigeen van hulle gewerk het. Sy geliefkoosde stukkie uit die Bybel—wat hy ons minstens eenmaal elke kwartaal by die oggendgodsdiens voorgelees het—was Spreuke 6:6-11. Ons het later die woorde uit ons hoof geken. Nou nog kan ek die stem hoor, terwyl hy met soveel klem lees: "Go to the ant, thou sluggard; consider her ways and be wise . . . how long wilt thou sleep, O sluggard? When wilt thou arise out of thy sleep? Yet a little sleep, a little slumber, a little folding of the hands in sleep—so shall thy poverty come as one that travelleth, and thy want as an arméd man."

Ek kan julle sê, vriende, hy het ons gedril in daardie onreëlmatige Latynse werkwoorde, sodat selfs die domste hulle later moes onthou. Daardie "Allen's Latin Grammar" het ons stukke uit ons hoof geken. Nou nog—na vyftig jaar—kan ek van die rympies opsê, soos:

Common are to either sex
Artifex and opifex
Conviva, vates, advena,
Testis, civis, incola,
Judex, heres, comes, dux
Princeps, municeps, conjux.

En dan die voorsetsels wat die akkusatief en die wat die ablatief beheers. Laasgenoemde was meer of min as volg:

A, ab, absque, palam, de,
Coram, clam, cum, ex and e,
Sine, tenus, pro and prae;
Unto these, if "rest at" is intended
Let: in, sub, super, subter be appended.

Dit was wel vir 'n groot deel papagaaiwerk, mar die praktiese kennis daarvan, en van daardie bomenslike onreelmatige werkwoorde, het my in my later universiteitsloopbaan baie goed vanpas gekom.

En net so met Grieks en Engels en nog ander onderwerpe waarvoor hy alleen verantwoordelik was. Want julle moet weet dat die hele skool met honderde leerlinge net vier of vyf onderwysers gehad het. Saam met Mnr. MacCrone het ons gehad, Mnre. Flippie Immelman, E. Z. Watermeyer, Dods en die houtwerkinstrukteur, Johnson.

Nie alleen het hy stipte aandag geëis by sy voorlesings nie, maar ook by ons studietyd. As een maar net 'n bietjie opkyk of met sy maat fluister, dan was hy by om sy hand onsag in jou sy te druk met die woord: "Hey! Young man!"

Alles het natuurlik op Engels toegegaan; trouens in die hele skooltyd was daar net by Flippie Immelman 'n bietjie Hollands; en bewaar jou as jy dan 'n woord in *Afrikaans* praat; alles moest immers in onbesproke, goedversorgde Nederlandsch geschieden!

Ons neus was dag na dag kort bokant die boek of lei vasgedruk, en dus was die vakansie al tyd waarin ons 'n sug van verligting kon slaak. Julle moes ons daardie laaste dag van elke skoolkwartaal hoor sing het dat die hele omgewing weergalm! Die woorde van *daardie* lied kan ek julle letterlik weergee:

"The holidays are drawing nigh
When we to school shall say goodbye,
Our books and slates we'll throw to one side
And home for the holidays gaily we'll ride.
So let us be merry, light-hearted and gay,
For those who have worked are entitled to play,
Hurrah for the holidays, let them be jolly days
Hip! hip! hurrah! . . . HURRAH".

As 'n mens terugdink aan die streng-Engelse opleiding van ons volk, met sy "Cape"-Geography en "Cape"-History (Natuurlik as onbetekende onderdele van *English* Geography en *English* History), en sy: Arithmetic, Algebra, Geometry, Dutch, ens.—dan moet 'n mens jou verbaas dat daar nog iets van ons Afrikanernasie tereg gekom het.

Maar mnr. MacCrone, as Skotse onderwyser, kan 'n mens natuurlik nie hiervoor blameer nie. Hy was 'n kind van sy tyd. Hy was 'n skoolmeester van die ou soort; hy sou miskien nie so goed in die nuwe skool met sy moderne idees pas nie. Maar sy kenmerke van dissipline, heelhartige toewyding aan sy taak, en onbesproke karakter, word nooit oud nie; dit bly vir alle eeue die inspirasie van elke ware onderwyser. Met Paulus kon hy sê: „*Een* ding doen ek" en dit het hy gedoen met al sy mag. Hy het dan ook sy stempel vir hul hele lewe op sy leerlinge afgedruk.

———oOo———

## Fransie Roux.

*(Deur Dr. A. J. R. van Rhyn.)*

Dit is of ek hom nou nog sien, hoewel ek Wellington reeds een-en-veertig jaar gelede verlaat het. Ou Fransie—so het ons ons geliefde en waardige skoolhoof genoem—het altyd skool toe op sy fiets gery. Met die een hand het hy sy handsak vasgehou, met die ander die stuurbalk, en as hy so verby ons ry waar ons klompies-klompies staan en wag op die klok, wat ons gereëld hoktoe roep, dan los hy die stuurbalk en lig ewe sjarmant sy hoed met 'n breë glimlag. Daardie beleefde groet het 'n blywende indruk op die kindergemoed gemaak.



MNR. F. P. ROUX, B.A.

Fransie Roux was 'n gebore skoolhoof en 'n skitterende onderwyser. Matesis en Skeikunde is die vakke wat hy doseer het. As ou Fransie die figuur van 'n probleem in meetkunde op die swartbord getrek het, dan is die oplossing reeds duidelik. Ek het nog nooit 'n onderwyser ontmoet wat so'n netjiese handskrif op die swartbord kon skryf as hy nie. Sy skrif het daar gestaan asof dit gedruk was. Daarby had hy die talent om moeilike en ingewikkelde feite so mee te deel dat die domste onder ons dit maklik kon begryp. Ons het altyd gesê: „ou Fransie gee ons die goed met lepels in." Sy persoonlikheid was vir ons almal 'n besieling. Hy was nie 'n drywer nie, trouens hy het byna nooit die lat gebruik nie, en tog het ons vir hom 'n heilige vrees—'n vrees uit agting gebore—gekoester. As ou Fransie vir jou met daardie paar skerp oë van hom aankyk, dan bewe jy soos 'n riet in jou sitplek. Ons het hard gewerk, omdat ons nooit ou Fransie wou teleurstel nie. As skoolhoof was hy streng, maar vriendelik en genaakbaar. Wanneer jy hom op sy kantoor besoek, val die waardige skoolhoofmantel van sy skouers en hy behandel jou as vriend en raadgewer. Talle van sy leerlinge het onderwysers geword en baie van hulle getuig dat hulle ou Fransie se metodes stip nageboots het. Ek persoonlik het dit met groot sukses gedoen!

Hy was pynlik netjies en nougeset in alles wat hy gedoen het. Ook in hierdie opsig was hy 'n voorbeeld en 'n besieling. Ons het glad ons name probeer skryf soos ou Fransie syne geteken het! Hy was een van daardie soort mense wat nooit oud geword het nie. Miskien was sy blywende jeugdigheid toe te skryf aan die feit dat hy nooit getrou het nie!

Ek had die voorreg om hom 'n paar jaar voor sy treurige heengaan weer te ontmoet. Met stralende en fonkelende oë het hy sy oud-leerling die hand geskud. Hy het te heerlik gelag toe ek hom vertel het hoe 'n paar baassingers onder die leerlinge altyd tydens die godsdiensoefening elke Woensdagmôre probeer het om beter tenoor te sing as hy. Daar is 'n liedjie waarvoor hy baie lief was, blykbaar omdat die reël „and glory glory dwelleth in Immanuel's land" hom die geleentheid gegee het om sy pragtige tenoorstem ten volle te gebruik. Hoe Japie Hugo en die ander baassingers ookal probeer het om ou Fransie dood te sing, hulle kon dit nooit regkry nie, hy het altyd so bo hulle uitgeskiet!

Ek sal my skooljare op Wellington onder Fransie Roux nooit vergeet nie. Daar het 'n wonderlike gees in daardie skool geheers. Die nodige dissipline was daar, maar dit was nie 'n ysterdissipline wat hiet en gebied nie, ons het die dissipline self gehandhaaf uit agting vir sy beminde persoon. Sy aantreklike persoonlikheid het alles oorheers. Sy strewe was om ons as leerlinge gelukkig te maak, en daarin het hy volkome geslaag. Hy het ons nie alleen vir die eksamens voorberei nie, maar ons besiel om hoër sporte op die lewensleer te bestyg.

Vir my is dit 'n eer en 'n voorreg om hierdie kransie, wat in opregtheid en beskeie eerbied ter ere van sy nagedagtenis gevleg is, op sy laaste rusplek te lê.

Moenie dink dat 'n geleentheid twee maal aan u deur sal klop nie.—*Chamfort.*

'n Wyse man is die meester van sy gees; 'n dwaas is die slaaf daarvan.—*Sirus.*

—::◇::—

'n Mens vind geen vrede in die wêreld daar buite nie; vrede berus in die siel.—
*Trine.*

———oOo———

Herinnering is die enigste paradys waaruit ons nie verdryf kan word nie.—
*Jean Paul.*

# NUUSBROKKIES EN HERINNERINGE VAN OUD-STUDENTE VAN HEINDE EN VER

In 'n omskrywe, gerig aan alle oud-studente van die Skool wie se adresse ons in hande kon kry, het ons 'n beroep gedoen om nuusbriewe, artikels en donasies. Ons oud-studente, van wie daar baie is wat seker beswaarlik die tyd daarvoor kon afstaan, het pragtig gehoor gegee en het menige interessante briewe en artikels geskryf waarvoor ons baie dankbaar is. Ons is ook baie dank verskuldig aan die baie oud-leerlinge wat so flink gereageer het en vir ons lang lyste adresse gestuur het. Een en almal wens ons sukses en voorspoed toe en ons vertrou dat die H.J.S., Wellington, van hoogtepunt tot hoogtepunt sal klim. Ons hoop dat hierdie rubriek ou vriendskapsbande weer hegter sal maak en die belangstelling in ons ou Alma Mater lewend en daadwerklik sal hou.

Donasies word elders in die uitgawe erken.

* * * *

Ons het 'n interessante brief van ds. M. T. R. Smit van „Arendahof", Posbus 366, Bloemfontein, ontvang. Hy was van 1905 tot 1908 hier op Wellington op skool, en onthou nog die volgende klasmaats: Dr. Wouter de Vos Malan, Superintendent-Generaal van Onderwys; Ds. Johnnie Hatting, vroeër predikant van Winburg; wyle ds. de Kock; ds. Manie Potgieter; Dr. Gerrard Joubert, nou onderwyser êrens in die Transvaal; mnr. Steven Blake, later hoof-inspekteur van houtwerk in die Oranje Vrystaat; Dr. Willie Wium, tandarts te Johannesburg; Robert MacCrone, seun van die voormalige hoof; Johnnie Coaton van Wellington en ander. Van die ou onderwysers onthou hy nog goed: mnre. Fransie Roux, Danie Brink, Gerrard le Roux, „'n Ware ‚gentleman' in elke opsig", en mnr. Piet le Roux. In die Eerste Wêreldoorlog was ds. Smit veldprediker met die Unie-Magte in Suid-Wes Afrika. Op Ugie waar hy twintig jaar gearbei het, het hy weeshuise, „armkoshuise" en vakskole gestig, asook verskeie boeke in Engels en in Afrikaans gepubliseer.

* * * *

Mnr. D. G. Roux van Piketberg wat vir ons 'n klompie los gedagtes en herinnerings aan die jare 1912 – 1918 gestuur het, vertel onder andere die volgende: „In die rekenkunde- en ‚Copy Book Writing'- periodes het ons dikwels mnr. Euvrard se gesegde gehoor: ‚Tut, tut, tut, kêrel! Man alive! Daar maak jy darem 'n lelike klein foutjie! as hy so oor sy knypbrilletjie loer, wat telkens opgesit en weer afgehaal word van sy neus. Terselfdertyd volg 'n paar pynlike knype aan die binnekant van die been. As die ‚lelike klein foutjie' in die rekenkundeklas begaan word, dan kry die sondebok nog 'n ‚fair chance' deur die som op die bord oor te maak. Begaan hy weer 'n ‚lelike foutjie', dan volg: ‚Ai, tut, tut, kêrel! I'm afraid we must touch him up! We gave him a fair chance, not so?'—en dan volg die ‚touching up' agter die staande swartbord met die rottang. Alles in so 'n goeie gees bedoel en toegedien." Hy onthou ene Gelderblom in Std. V. „'n yslike groot kêrel met 'n swart snor." Hy het ook onder Mnre. Daantjie Brink, Piet le Roux, Ben Taute, (nou professor), J. C. Ross (nou inspekteur van skole), C. J. Hofmeyr (afgetrede hoofinspekteur van skole) en ander deurgeloop.

* * * *

Dr. E. R. Orchard, Professor of Agricultural Chemistry in the Natal University College writes that he matriculated here in 1925, and that he harbours "something more than the traditional soft spot" for the school, which, in his day was "the rather battered building surrounded by bluegums and pale pink wooden palings on St. George's Square. My choice of a career in chemistry is due


CHEMISTRY CLASS
— 1900 —
BOYS' HIGH SCHOOL
WELLINGTON

in the first place to the interest aroused in this science by that excellent teacher and principal, the late Mr. F. P. Roux. I wish you every success during the forthcoming celebrations and a brilliant future for an old and honoured school."

* * * *

Mnr. P. I. Hoogenhout, die Administrateur van Suidwes-Afrika, stuur aan ons sy beste wense. Hy skryf: „My boodskap aan die jongspan is kort en saaklik: „Verlore kanse kom nooit weer!" "

* * * *

Mr. J. A. S. van Niekerk of "Waagpunt" P.O. Emmaus O.F.S. writes that he was a scholar in Wellington from 1899 to 1902. He has practised as an attorney for many years.

* * * *

Mnr. J. Engelbrecht van Malmesbury skryf hoe hy swaargekry het en gesukkel het om sonder die Junior Sertifikaat toegang te kry tot 'n skool, en hoe hy eindelik by die Hoër Jongenskool kom aanklop het. Hy skryf: „Klop by kantoor . . . en skrik my verder lam vir die stem en die streng persoon agter die lessenaar. Na baie slukke het mnr. Roos my verhaal aangehoor met slegs 'n herhaalde lakonieke tussenwerpsel van „ighi". Van daardie oomblik het 'n nuwe fase in my lewe aangebreek. Daardie uiterlik streng persoon het ek leer ken as innerlik die witste witman wat ek nog ontmoet het. Daarby die gelykmatigste onderwyser in sy klasse." Voorts: „My boeke val op 'n dag uit my arms op weg na die tehuis. Toevallig kom mnr. Florence net verby. Hy sit sy boektas neer en tel die boeke op—iets wat selfs nie eers 'n medeskolier probeer doen het nie. Kan ek ooit so 'n skool vergeet? Of kan ek sy waarde vir my latere lewe ooit in woorde uitdruk? Julle woon in die bakermat van opvoeding en onderwys in Suid-Afrika, 'n plek swanger aan tradisies wat behandhaaf moet word. Baie van ons grootste manne het hul opleiding op Wellington en aan ons Alma Mater geniet. Daar is rede om trots te wees. Laat dit julle spoorslag wees. MIK HOOG!

* * * *

Mr. R. W. von Moltke, Albert Street, Ladismith, C.P. writes: that he can still call to mind "those noble characters who built up the Boys' School, the Training College, and the boarding establishment, the old "Sunnyside". Dr. A. Murray, Rev. J. R. Albertyn, Mr. MacCrone, Mr. D. A. D. Dodds, Fransie Roux, Flippie Immelman, Rev. Wood and Mr. Harvey. Those old pioneers were hard-working, conscientious, and religious men, and it is surprising now to see the amount of work they did with their small and insufficiently paid staff. We cannot forget Miss Knight, the matron of the old "Sunnyside", who so lovingly cared for her boarders and ministered to their wants in such a motherly way. Neither can we forget old Dr. Logie who refused remuneration from orphans for medical attendance. The grand work of the Misses Bliss and Ferguson and their religious revivals in the Goodnow Hall are still remembered by many old students of the Boys' High. I am enclosing a small sporting birthday present *and may also state that I have made provision in my will for a legacy in favour of your school for the education of total orphans of Afrikaans or English speaking origin,* which legacy will reach you when it pleases the Almighty to call me to rest.

* * * *

Ds. J. J. le Roux van Kestell, O.V.S., 1908 - 1915, skryf: „as gevolg van die „Woodwork and Drawing" by mnr. Donaldson geleer, kon ek self argitek wees vir die 400-sitplek kerkgebou te Clarens O.V.S. en al die tekeninge met spesifikasies doen van die gebou met deure, banke, vensters."

* * * *

Mnr. J. P. Rossouw, Kerkstraat 61, Strand, K.P. skryf dat hy Klerk van die Provinsiale Raad en Sekretaris van die Uitvoerende Komitee van die Oranje Vrystaat was tot Sept. 1941. Hy dink met eerbied en agting terug aan ons ontslape onderwysers.

en sien uit na die verskyning van ons Feesblad. Sy jongste seun het pas die Doktersgraad aan die Kaapse Universiteit behaal.

* * * *

Mr. T. C. Whitcomb Rose, of Rhenosterfontein, Beaufort West, 70 years of age, matriculated at Wellington in 1897 where he spent "the happiest years of my existence". He still remembers Mr. MacCrone's Weekly addresses to the School and his drumming it into them that they were sent to school to learn, to better themselves for the future and not to waste their parents' time and money. Although his life since leaving school has been one long chapter of accidents he is still going strong though he has relegated farming to his sons. He sends his best regards to an old contemporary of his in the football world, Mr. Jerry Kennedy of Wellington. Mr. Rose himself was captain of the Wellington side in 1895.

* * * *

Mnr. W. G. Schaap, Pos Rooirivier, Oor Oudtshoorn, Voorsitter van verskeie Landbou verenigings, vertel die volgende interessante staaltjie uit 1912: „Die oggend toe ek die eerste maal die klaskamer instap, roep mnr. Pauw (later Shoolhoof, Riversdal) my terug en sê: ,'n Mens sê tog eers wat jou van is en groet tog eers jou onderwyser'. Ek loop terug, groet en sê ek is Schaap. Doodse stilte. Mnr. Pauw: ,Nou ja, nou het ons ook 'n dieretuin in hierdie klas.— Daar gaan 'n skaap sit, en daar sit 'n de Leeuw, en hier sit die pronkdier van alle diere—'n Pauw.' Mnr. Schaap onthou nog baie goed die teenkanting wat die invoer van Afrikaans, selfs van die kant van sommige onderwysers, in 1913 ondervind het.

* * * *

Mnr. J. Stephen Maree, hoof van die Newlands Primary School, Deanstraat, Nuwelande, leerling aan die Jongenskool van 1914 tot 1921 wens ons skool en personeel alle sukses toe.

* * * *

Mnr. Johannes van Blerk, Posbus 94, Krugersdorp, voorheen op die personeel van die Publieke Aanklaers in Johannesbur tans Regs-assistent van die Krugersdorp Stadsklerk wens ons alles van die beste to

* * * *

Mnr. W. J. Pretorius van Curie Boul vard 45, Vanderbyl-Park, skryf dat daar moontlikheid bestaan dat hy en 'n klasmaa Klaas Louw, van 8 Pretorius-straat, Krooı stad, die verrigtinge hier sal kan kom b woon.

* * * *

Mr. William Israel, Attorney at Law, 1 Muller St., Bethlehem writes: "I enjoyed m school days at Wellington and have only o grudge against modern educationists, viz they do not seem to teach their pupils spell correctly any more." He has sent some interesting snapshots.

* * * *

Mnr. C. J. Joubert, 1906 - 1911, Sylvi Pas, Mountain View, Johannesburg, magi traat in Johannesburg, het vir ons klompie adresse van oud-leerlinge gestuur

* * * *

Mr. J. N. Hamman, 1902 - 1908, Goe gevonden, Wolseley, has written for i formation regarding our plans for t celebrations.

* * * *

Ds. D. P. van Huyssteen, Organiseren Sekretaris van die Algemene Armeso spreek sy teleurstelling uit dat hy nie d verrigtinge kan bywoon nie of vir ons artikel kan opstel nie, daar hy op die pu staan om na die Oostelike Provinsie te ve trek. Hy wens ons Gods rykste seënir toe op al die verrigtings en insameling.

* * * *

Mr. Henry Small of Shalvok, Main Roa Plumstead, (1928 - 1934), is at present en ployed by a large manufacturing concern Secretary Accountant, and has not forgotte the school motto: AIM HIGH, as he is sti studying!

* * * *

Ds. C. H. Murray van Viljoenskroo wens ons van harte sukses toe met on



LUIT-KOL. G. H. LE ROUX
'n Weldoener van ons Skool

onderneming.

* * * *

Mnr. P. Hamman, Posbus 521, Bloemfontein, (1945) is tans werksaam in Bloemfontein by die O.V.S. Onderwysdepartment.

* * * *

Mnr. A. B. Hugo, Auretstraat 6, Potchefstroom, het in 1929 sy skoolloopbaan hier voltooi en is tans verbonde aan die Hoër Handelskool op Potchefstroom.

* * * *

Dr. S. J. Zwiegelaar, Posbus 44, Ventersstad (1927 - 31) praktiseer al 10 jaar as medikus.

* * * *

Mnr. P. L. le Roux, Kerkstraat, Wellington is hoof van die Wellingtonse Kommersiële Kollege.

* * * *

Mnr. A. M. de Villiers, Kerkstraat 60, Worcester, skryf dat hy jarelank onderwys gegee het aan die Hoër Volkskool, Graaff-Reinet, en dat hy tans huisvader is in die Manstehuis vir Blindes op Worcester.

* * * *

Mnr. A. B. Malherbe, Posbus 481, Pretoria, (1934) is werksaam as eerstegraadsklerk op die personeel van die Staatsdrukkery. ("State Squeezers"). Hy sal nooit vergeet nie hoe „oorlede Oom Danie Brink aan hom gesê het, „Driesie, fetch my old beauty in the cupboard', en hoe hy flou geword het onder die kastyding omdat hy nie soos sy maat, Gawie Malan, wou huil nie.

* * * *

Mr. H. S. Pearce of 64 Christopher Court, Noord and Quartz Sts., Johannesburg, attended the B.H.S. prior to World War I and well remembers Mr. Brink's cane on the football field.

* * * *

Mnre. Neel Roux, (1938) en Banie Lombard (1937) is albei verbonde aan die Onderwyserskollege te Potchefstroom. Mnr. Dawie Roux doen navorsingswerk aan die Leernavorsingsinstituut te Grahamstad.

* * * *

Mnr. P. E. van Niekerk, Prokureur, Posbus 49, Bonnievale, (1924 - 1931) vertel hoedat ene Jackson een nag na 'n strooptog in die Blouvlei met fiets en al in 'n sloot water te lande gekom het toe 'n sloop vol lemoene in die wiel gekom het; hoedat hy in die Homestead 'n aansienlike hoeveelheid eetware uit die spens weggedra het en in sy „lokker" toegesluit het, terwyl sy kamermaat juis verantwoordelik was vir die veiligheid van die eetware wat spesiaal voorberei was vir 'n skoolfunksie. Sy kamermaat het lekker onderdeur geloop as gevolg van die tekort! Hy vertel verder van een onvergeetlike nag toe hy, Willem van der Westhuizen, Sharpley, Bennie Joubert, Giepie Basson en Piet Buckle by die „Sem" gaan „serenade" het. Hulle was in die sewende hemel van geluk toe 'n dienaar van die gereg hulle wreed ontnugter en saamneem aanklag-kantoor toe!

* * * *

Mr. Pentz, 10, Serena Flats, Helderberg Street, Stellenbosch, is a bank manager and writes that he hopes to attend our celebrations. He recalls one incident of his school days: "Mr. Frans Roux was known for his rather pungent humour. Over week-ends we usually had to write an essay, and on one occasion I was too busily engaged in sport to do the needful, so about half an hour before school started on Monday I quickly paraphrased an essay on "Cruelty to Animals" from a Std. V Royal Reader. In due course the essay was returned by Mr. Roux, marked "10/10, Too Good." "

* * * *

Mnr. P. A. Vos, 71 Government Village, Germiston, wens ons Alma Mater geluk met haar 80-jarige bestaan, en spreek die hoop uit dat sy nog steeds tot ryke seën vir ons land sal wees. Mnr. Vos is hoof van die Departement van Afrikaans aan die Hoërskool, Germiston. Sy boodskap aan die jeug is: „Waardeer julle ouers, onderwysers, en julle skool."

* * * *

Mnr. G. le Roux, (1925 - 1932) Evansstraat, 16, Kimberley, is sedert 1935 klerk in die personeel-kantoor van die Afdelings-

bestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë in Kimberley. Hy skryf: „Eendag terwyl mnr. Dick Joubert idiome behandel, kom hy by een wat so begin: ‚Solank die lepel in die pappot staan . . . ' en hy vra vir ou Giel Hamman om die idioom te voltooi. Met die hulp van die student agter hom, sê hy ewe manhaftig: ‚Roer, Tant Maria, roer!' Gesegdes van mnr. Blikkies van der Merwe: ‚Seeing is believing, but not in Geometry.' ‚Julle is almal Misters want julle mis alles wat vir julle geleer word.' Vir Gerald Atmore het hy altyd gesê: ‚Jou van is nie Add-more nie, maar Add less', en vir 'n sekere Coaton het hy gesê: ‚Jy is nie Coat-on nie, maar Coat-off!"

* * * *

Mr. J. Fred Pentz, (1896 - 1902) P.O. Box 138, Vryburg, is a farmer and auctioneer. He tells us that Vryburg has the biggest dairy in the Southern Hemisphere.

* * * *

Mr. P. W. Henry (1937 - 1938), Middelburg, C.P. still looks back with happy memories of his stay in Wellington.

* * * *

Mnr. Chris Blignaut, Posbus 12, Chingola, Noord-Rhodesië, is bly dat ons nie ons oudstudente in „Donker Afrika" vergeet het nie. Hy was van 1934 tot 1938 hier op skool, en is tans ingenieur by die Nchanga Kopermyne.

* * * *

Mnr. H. P. Vos, skoolhoof, „Ferndale Govt. School" het in 1918 hier gematrikuleer, en is vandag die hoof van 'n baie groot skool.

* * * *

Mnr. André Joubert, (1923), Sekondêre Skool, Grabouw, skryf dat die grondslag van sy „geringe sukses" as onderwyser hier gelê is. Hy het 'n tydlank hier ook onderwys gegee en onthou nog goed hoe klein hy gevoel het toe hy die eerste môre die godsdiens in die saal moes waarneem. Mnr. Bartle le Roux is 'n bekende sakeman op Grabouw, en mnr. H. A. du Preez 'n welgestelde appelboer; albei oud-leerlinge.

* * * *

Mnr. Dan B. Malan is die hoof van die groeiende Afrikaansmediumskool op Queenstown, die Hoërskool Hangklip. Uit die jare 1909 tot 1915 onthou hy nog baie goed o.a. vir „Oom Daantjie" met sy „Magic wand", en hoe hy altyd die klas verwittig het as sy verjaarsdag nader!

* * * *

Mnr. H. L. le Roux, (Manie) (1911) is die afgelope 25 jaar hoof van die Primêre Seunskool op George, een van die grootste plattelandse primêre skole in Kaapland. Hy skryf dit aan mnr. Brink se haaruitplukkery toe dat hy vandag geen kuif meer het nie!

* * * *

Dr. W. P. Steenkamp, Snr., Hangnes, Bay View Avenue, Kaapstad, (1894–1896) was in 1896 een in 'n klas van 19 matrikulante op Wellington. As klasmaats het hy gehad manne soos: Mnre. Sakkie de Villiers, Willie Visser, James Gertenbach van Philippolis, Duke Metcalf, tot nou toe onderwyser in Oos-Londen, dr. Dirk Hamman van Kaapstad, senator C. A. van Niekerk, en di. D. P. van Huyssteen, Dawid Cillie en D. de Villiers. Hy vertel dat mnr. MacCrone twee jaar lank elke Woensdagoggend die skool toegespreek het met „Gaat na de mieren . . . " as teks! Gevolglik bestaan sy geloofsbelydenis uit twee artiekels: „(a) Ek glo in God wat van my kindsbeen af my enigste toevlug, sterkte, troos en redder was en, (b) Ek glo in hard werk. Verder glo ek aan niks."

* * * *

Ds. J. P. Liebenberg, Ellis Park Rylaan, 31, Durban-Noord, nou 11 jaar reeds emeritus, skryf dat hy nog aktief is in die kerkdiens. Hy vertel hoe hy eendag, terwyl mnr. MacCrone hom 'n skrobering gegee het lelik gekoes het om 'n klap te ontduik, terwyl mnr. MacCrone slegs 'n vlieg van sy neus af wou wegwaai! Ds. Liebenberg sê ons jongspan moet koershou.

* * * *



ONS HUIDIGE HOOF

MNR. H. H. ROOS, B.SC., B.EDUC.

Dr. Douglas MacCrone, Professor in the University of the Witwatersrand, writes: "I know of no place in the Union where a boy can be happier at school than at Wellington, or where he will gather up a store of experiences which, like the widow's cruse, will be a source of never ending joy to him in later life."

* * * *

Mnr. G. J. le Roux, hoof van die Hoërskool op Piketberg, (1905–1912) herinner hom hoe hy leer lees het by mej. H. Malan, (mev. Hettie Immelman van Wellington), „al het dit ook trane na skool gekos." Dit lyk asof hulle destyds maar swaar gekry het met Engels as enigste voertaal op skool; onderwysmetodes het ook sedertdien groot veranderings ondergaan en leerlinge van 20 jaar sit nie meer in standerd agt nie. Mnr. le Roux skryf dat daar net eenmaal, in 1910, 'n prysuitdeling was, en dat die skool in 1912 vir die eerste maal 'n eie voetbalspan gehad het. Hy het reeds 31 jaar onderwysdiens agter die rug. Hy maan ons om ons mooi leuse uit te leef: MIK HOOG!

* * * *

Mnr. J. H. P. Louw, (1928), is tans hoofsekondêre assistent aan die Hoërskool, Goodwood. Hy skryf: „Van my ou Alma Mater behou ek die aangenaamste herinneringe en dis soms met 'n gevoel van weemoed dat 'n mens dink vandag se jongspan is miskien nie so groots op daardie spangees en samehorigheid wat by enige goeie skool moet aangetref word nie."

* * * *

Mr. W. G. H. Coaton, (Bill) matriculated here and in 1933 qualified for the degree of M.Sc. with honours in the University of Cape Town. From there he went to the University of the Witwatersrand to take an Afrikaans degree in Entomology, entereing the Government Entomological Dept. in 1936. He first did locust research work, then branched off to termite research.

* * * *

Mr. Eric H. Coaton entered the Department of Commerce and Industries after obtaining a university degree. At present he is on the Union Trade Commissioner's staff, South Africa House, London.

* * * *

Mr. Robert H. Coaton (Ray), passed the Matriculation Examination in Wellington, and after taking two degrees in Cape Town, entered the Government Service, first in the Commerce and Industries Dept. and was subsequently transferred to External Affairs. He was vice-consul in Lourenco Marques, Beunos Aires, Rio de Janeiro; Legation Secretary in Rome, and is at present Charge d'Affairs in Santiago, Chili. He has passed further examinations in law and diplomacy while in the service.

Slegs in die arbeid woon die vrede en in die moeite woon die rus.—*Fontane.*

Grys hare is 'n teken van ouderdom, nie van wysheid nie.—*Spreekwoord.*

—:0:—




## Die Witrivierramp.

Agter in ons skoolsaal hang 'n wit marmertablet waarop die name van L. van Dyk, F. van Dyk en C. Krynauw pryk. Hierdie tablet moet 'n heldedaad, verrig deur drie skoliere van ons skool, vir die nageslag in herinnering hou. Op 23 Mei 1895, het 'n verskriklike ramp Wellington getref, toe vier skoliere, drie seuns en 'n dogter, in die Witrivier verdrink het. Waar ons hierdie tragiese geskiedenis aan die vergetelheid ontruk, wil ons opnuut hulde bring aan dié drie seuns, destyds leerlinge van ons skool, wat hul lewens opgeoffer het in 'n heldhaftige poging om andere te red.

'n Groepie jongmense, bestaande uit 13 dogters, leerlinge van die Hugenote-Seminarie, en twee seuns van die Hoër Jongenskool, het op 22 Mei 1895 'n uitstappie na Sneeukop onderneem. Die dogters is per wa tot aan die voet van die berg vervoer en is daar ontmoet deur twee seuns Carel Pauw (vader van mnr. Piet Pauw, lid van ons huidige personeel) en P. van der Merwe. Saam het hierdie groepie toe die heuwel aan die kant van Witrivier bestyg en is maklik deur die toe stil-vloeiende waters van die rivier. Daarna het hulle dadelik Sneeukop begin klim. Toe die geselskap omtrent halfpad na die kruin van die berg gevorder het, het 'n digte mis opgekom en daar is aan die hand gedoen dat hulle moes omdraai. Die meerderheid wou egter nie daarvan hoor nie en hulle het voort geklim, totdat hulle die bergkruin die middag ongeveer om twee-uur bereik het. Die mis wat vroeër in die dag onheil voorspel het, het intussen verdwyn en die geselskap het 'n pragtige uitsig oor die dorp gehad.

